AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Beampte:* STUDENTELEWE

PAARL

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf November 2025 ’n pos vir ’n voltydse beampte: Studentelewe binne die Studentesake-afdeling in die Paarl beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

Die posbekleër sal spesifiek daarop fokus om ondersteuning te bied aan die bestuurder: Studentesake met koördinering en uitvoering van studenteaktiwiteite en -inisiatiewe by die Paarl-kampus. Die posbekleër sal nou saam met die Studentesake-personeel wat in Pretoria gebaseer is asook die Studentesake-interns in die Paarl werk om studente- en koshuisaktiwiteite te beplan en uit te voer.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Gereelde interaksie en kommunikasie met die studente asook die studenteleierskap en -strukture wat insluit bystand en ondersteuning binne die Studentesake-afdeling.
- Verskeie ander aspekte wat met projekbestuur en projekuitvoering verband hou.
- Reël en bywoning van studenteaktiwiteite asook die onderhou van verhoudings en netwerke in die gemeenskap en studenteomgewing
- Akademiese gemeenskapsdeelname
- Dit is belangrik dat die kandidaat energiek is en hom- of haarself met Akademia se waardes en vormingsideaal vereenselwig.

## POSVEREISTES

- ’n Baccalaureusgraad
- Een tot twee jaar se ervaring in die ontwikkeling en vorming van jongmense
- Ervaring in studentelewe, koshuislewe, studenteondersteuning, beleidsformulering en/of projekbestuur

## VAARDIGHEDE

- Goeie menseverhoudinge en hoë energievlakke
- Effektiewe kommunikasie- en probleemoplossingsvaardighede
- Doelgerigtheid en die vermoë om projekte te beplan en uit te voer
- Vermoë om onafhanklik en binne ’n span te werk en inisiatief te neem
- Goeie tydsbestuur en prioritiseringsvermoë
- Deursettingsvermoë
- Aanpasbaarheid
- Die vermoë om onder hoë druk te funksioneer
- ’n Sterk etiese ingesteldheid
- Vermoë om kreatief nuwe projekte en idees te laat begin
- ’n Liefde vir Afrikaans hê
- ’n Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 19 Augustus 2025 ingedien word.** Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.